Lede van die Uitvoerende Komitee word geag in hulle persoonlike hoedanigheid daarin te dien, en nie as verteenwoordigers van 'n organisasie of as beamptes van 'n administrasie nie en die beraadslagings van die Uitvoerende Komitee moet, behalwe met die uitdruklike of stilswyende toestemming van die Uitvoerende Komitee, as vertroulik deur die lede daarvan beskou word.

Die lede van die Uitvoerende Komitee beklee die ampte tot na afloop van die volgende jaarvergadering van die Raad. Ingeval daar gedurende die ampstermyn 'n vakature in die geledere van die Uitvoerende Komitee ontstaan, is die Uitvoerende Komitee bevoeg om die vakature aan te vul, en die persoon wat aldus aangestel word, moet die amp tot na afloop van die volgende jaarvergadering van die Raad beklee.

Persone wat as lede van die Uitvoerende Komitee geko-opteer word of aangestel word om 'n vakature aan te vul, is ampshalwe gedurende hulle ampstermyn lede van die Raad.

'n Ampsbekleër van die Raad of 'n gekose lid van die Uitvoerende Komitee wat gedurende sy ampstermyn ophou om 'n lid van die Raad te wees, hou ipso facto op om ampsbekleër van die Raad en/of lid van die Uitvoerende Komitee te wees, maar hy kan in enige vakature wat daaruit ontstaan, aangestel word.

Die Uitvoerende Komitee moet sy eie Voorsitter en Ondervoorsitter benoem uit sy lede wat woonagtig is in die gebied waar die Raad se hoofkantoor geleë is.

Die Uitvoerende Komitee is bevoeg om enigeen wie se teenwoordigheid verlang word, veral 'n adviserende lid van die Raad, na enigeen van sy vergaderings uit te nooi.

Die Uitvoerende Komitee moet, behoudens die bepalings van hierdie Konstitusie, aan die algemene beleid van die Raad en aan sodanige opdragte wat die Raad van tyd tot tyd mag uitreik, die werk van die Raad verrig op 'n wyse wat hy nodig en reg beskou.

Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Konstitusie, kan die Raad op enige vergadering enige besluit van die Uitvoerende Komitee hersien.

Die vergaderings van die Uitvoerende Komitee moet onmiddellik voor, of na afloop van die jaarvergaderings van die Raad gehou word. Noodvergaderings van die Uitvoerende Komitee moet belê word (a) indien die voorsitter opdrag daartoe gee, of (b) binne ses weke nadat die Voorsitter of die Sekretaris 'n skriftelike

versoek ontvang het wat deur minstens vier van die lede van die Uitvoerende Komitee onderteken is. Die kworum van die Uitvoerende Komitee bestaan uit vier lede.

Die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee moet op alle vergaderings van die Komitee die voorsitterstoel beklee. Indien hy afwesig is, moet die Ondervoorsitter die voorsitterstoel beklee, en indien hulle albei afwesig is, moet diegene wat op die vergadering teenwoordig is, 'n voorsitter uit hulle geledere benoem; met dien verstande dat, indien 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee onmiddellik voor die aanvang van 'n raadsvergadering gehou word, die ampsbekleër wat die voorsitterstoel op die raadsvergaderings gaan beklee, ook die voorsitterstoel op die vergadering van die Uitvoerende Komitee kan beklee.

Die bekleër van die voorsitterstoel beskik oor sowel 'n beslissende as 'n gewone stem.

9. <u>DIE VASTE KOMITEE:</u> 'n Vaste Komitee wat bestaan uit die Voorsitter, die Ondervoorsitter, die Ere-tesourier en die lede van die Uitvoerende Komitee wat woonagtig is in die gebied waar die Raad se Hoofkantoor geleë is, kan dringende sake behandel. Die Vaste Komitee moet probeer om minstens eenkeer gedurende elke kalendermaand te vergader, en die notule van die vergaderings moet aan die lede van die Uitvoerende Komitee gestuur word om kennis daarvan te neem en stappe wat daar gedoen is, goed te keur. Die Vaste Komitee moet ook sake behandel wat die Raad of die Uitvoerende Komitee aan hom opdra om dit tussen die vergaderings van die onderskeie liggame te behandel.

Die kworum van die Vaste Komitee bestaan uit drie lede. Die Vaste Komitee is bevoeg om, behoudens die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, Onderkomitees te benoem ten einde sy werk te vergemaklik en kan enige persoon of persone, of hulle nou al raadslede is of nie, as lede van sulke onderkomitees koöpteer of aan die Onderkomitees die bevoegdheid verleen om so 'n persoon of sulke persone te koöpteer; met dien verstande dat minstens een lid van so 'n Onderkomitee 'n lid van die Uitvoerende Komitee moet wees, wie se teenwoordigheid verpligtend vir die verkryging van 'n kworum vir so 'n Onderkomitee is, en wat alle verrigtinge van die Onderkomitee vir goedkeuring by die Vaste Komitee of by die Uitvoerende Komitee moet aanmeld. 'n Lid van die Uitvoerende Komitee, die Vaste Komitee of 'n Onderkomitee wat sonder afwesigheidsverlof drie agtereenvolgende vergaderings van die Uitvoerende Komitee, die Vaste Komitee of so 'n Onderkomitee na gelang van die geval, nie bywoon nie, verbeur ipso facto sy lidmaatskap van die betrokke Komitee of Onderkomitee.

10. SAMESTELLENDE LIGGAME: Die Raad moet in iedere gebied waar daar behoefte aan geestesgesondheidsdienste bestaan die stigting en ontwikkeling van samestellende geestesgesondheidsverenigings of 'n ander samestellende liggaam aanmoedig en bevorder. Enige groep persone is geregtig om 'n komitee saam te stel wat as 'n geestesgesondheidshulpkomitee onder beskerming van die Raad of van 'n samestellende geestesgesondheidsvereniging in 'n bepaalde gebied wat nie deur 'n ander groep of komitee bedien word nie, op te tree.

Die konstitusies van alle samestellende liggame, en alle wysigings daarvan, asook die grense van die gebied waarbinne so 'n liggaam mag optree, is onderworpe aan die goedkeuring van die Raad. Indien daar 'n geskil ontstaan oor die onderskeie gebiedsgrense van twee of meer samestellende liggame en/of geestesgesondheidshulpkomitees, is die Uitvoerende Komitee bevoeg om die gebiedsgrense van iedereen van die liggame en/of hulpliggame vas te stel; en indien 'n groep persone wat binne die gebiedsgrense van 'n bestaande samestellende liggaam woonagtig is, 'n onafhanklike samestellende liggaam wil stig en hulle nie met so 'n bestaande groep of samestellende liggaam ooreen kan kom nie, is die Uitvoerende Komitee bevoeg om die geskil te besleg.

Iedere samestellende liggaam moet elke jaar onmiddellik na sy jaarvergadering 'n afskrif van sy jaarverslag en 'n geouditeerde rekeningstaat ten opsigte van die jaar ter inligting aan die Raad voorlê.

Die Raad moet alle sake met betrekking tot algemene en nasionale beleid behartig en alle onderhandelings tussen samestellende liggame en Staatsdepartemente en ander nasionale liggame oor sulke sake moet deur middel van die Raad geskied.

Terwille van eenvormigheid moet alle literatuur, behalwe in verband met plaaslike beroepe, eers aan die Raad vir goedkeuring voorgelê word voordat dit uitgestuur word.

Die Raad is geensins aanspreeklik vir die skuld, verpligtinge of aanspreeklikhede van al die samestellende liggame of van enigeen van hulle nie.

Behoudens bostaande voorwaardes, is al die samestellende liggame heeltemal outonoom.

11. DIE HOOFKANTOOR: Die hoofkantoor van die Raad moet geleë wees in 'n sentrum wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.

12. GELDSAKE: Die fondse van die Raad moet op naam van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid belê word.

Al die geld wat aan die Raad behoort, moet op sy krediet gestort word by 'n handelsbank, spaarbank of bougenootskap wat die Uitvoerende Komitee moet aanwys. Alle betalings moet geskied deur middel van tjeks wat op sodanige bank getrek is, en alle tjeks moet deur die Ere-tesourier en deur óf die Sekretaris òf 'n ander lid van die Uitvoerende Komitee onderteken word. Indien die Ere-tesourier afwesig is, kan twee lede van die Uitvoerende Komitee of die Sekretaris en een lid van die Uitvoerende Komitee die tjeks onderteken. Die Ere-tesourier moet aan die einde van iedere boekjaar 'n rekening- en balansstaat opstel, wat geouditeur moet word deur 'n behoorlike gekwalifiseerde ouditeur wat deur die Raad benoem is, en dan op die jaarvergadering van die Raad voorgelê word. Die boekjaar eindig op 31 Maart.

13. EIENDOM: Alle roerende en vaste eiendom wat aan die Raad behoort of waarop die Raad geregtig is of mag word, moet vir die doel en gebruik van die Raad op die name staan van die diensdoende President, die Ere-tesourier en die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee wat as trustees van die Raad moet optree. Indien die President te eniger tyd ook Voorsitter van die Uitvoerende Komitee is, of indien daar minder as drie trustees is, is die Uitvoerende Komitee bevoeg om een van die Onderpresidente as trustee aan te stel gedurende die tydperk waarin dit nodig is om die getal trustees op drie te hou, en indien so 'n aanstelling nie geskied nie, is een van die Onderpresidente geregtig om as trustee op te tree as dit nodig is. Indien die trustees as sodanig behoorlik deur die Uitvoerende Komitee daartoe gemagtig is, kan hulle, of enige twee van hulle, roerende of onroerende eiendom namens die Raad aanskaf, hou, vervreem, verpand, verruil, huur of verhuur en enige dokument verly wat nodig is ten einde so 'n transaksie te kan voltrek.

14. BEPERKING VAN DIE REGTE EN AANSPREEKLIKHEDE VAN LEDE: 'n Lid van die Raad of 'n organisasie wat in die Raad verteenwoordig is, verkry nie op grond van sy lidmaatskap van die Raad of van enigeen van sy Komitees, nou of in die toekoms, enige eiendomsreg of aanspraak op, of belang by eiendom of bates van die Raad nie, en 'n lid is ook nie op grond van sy lidmaatskap, of 'n organisasie op grond van sy verteenwoordiging, persoonlik aanspreeklik ten opsigte van enige eis of aksie wat teen die Raad ingestel mag word nie.

15. GEREGTELIKE STAPPE: Die Raad is bevoegd om onder die naam van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid eisend en verwerend op te tree. Die bevoegdheid om eisend en verwerend op te tree, word kragtens klousule 13 hiervan aan die trustees verleen.

16. WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE: Die Konstitusie kan slegs herroep, gewysig of uitgebrei word kragtens 'n besluit wat geneem is deur 'n meerderheid van twee-derdes van die stemgeregtigde verteenwoordigers en/of plaasvervangers wat op 'n vergadering van die Raad teenwoordig is, met dien verstande dat die Sekretaris minstens agt weke voor die vergadering van die Raad waarop so 'n voorstel oorweeg sal word, skriftelik van enige voorgestelde herroeping, verandering of uitbreiding verwittig moet word, en hy moet dié voorstel vir bespreking op so 'n vergadering in die agenda opneem.

17. ONTBINDING VAN DIE RAAD: Die Raad kan ontbind word indien 'n meerderheid van twee-derdes van die stemgeregtigde verteenwoordigers en/of plaasvervangers wat teenwoordig is op 'n vergadering van die Raad wat behoorlik met hierdie doel belê is, daarvoor stem en dié besluit bekragtig word op 'n tweede vergadering van die Raad wat gehou word minstens sewe dae en hoogstens een-en-twintig dae nadat so 'n besluit oorspronklik geneem is. Op iedere vergadering bestaan die kworum uit twaalf verteenwoordigers, of hulle plaasvervangers. Adviserende verteenwoordigers moet nie in aanmerking geneem word wanneer die teenwoordiges getel word ten einde vas te stel of daar 'n kworum is nie.

Die vergaderings wat in hierdie klousule genoem word, moet belê word deur middel van 'n kennisgewing wat minstens dertig dae voor die datum van die eerste vergadering per aangetekende pos aan elke verteenwoordiger na sy jongste bekende adres gestuur is. Die doel van die vergaderings moet in dié kennisgewing uiteengesit word, en die datum waarop, en die plek waar elkeen van die twee vergaderings gehou sal word, moet daarin gemeld word.

Ingeval daar besluit word om die Raad te ontbind, moet die eiendom en ander bates van die Raad oorgedra word aan 'n likwidateur wat die Raad moet aanstel, en van die hand gesit word op 'n wyse wat die verteenwoordigers en/of plaasvervangers wat op eersgenoemde vergadering teenwoordig is, moet bepaal by meerderheidsbesluit wat op soortgelyke wyse op die tweede vergadering soos hierbo genoem, bekragtig moet word; met dien verstande dat daar nie oor die eiendom en bates beskik mag word op 'n wyse wat teen die oogmerke van die Raad indruis nie.

**Collection Number: AD843**

**XUMA, A.B., Papers**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of the archive of the South African Institute of Race Relations, held at the Historical Papers Research Archive at the University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.